

# Formulier met klem op die aksente van Calvyn



## Notas

*In hierdie Formulier val die klem op die wonderlike gemeenskap met die lewende Christus, waardeur Hy as Gasheer aan die tafel ons deur die Heilige Gees werklik met Homself voed (vgl NGB, art 35).*

### **Instelling**

#### **Die viering van die gemeenskap met die lewende Christus**

Gemeente van ons Here Jesus Christus.

Die nagmaal is deur ons Verlosser self ingestel.

*“Toe dit tyd was, het Jesus aan tafel gegaan en die apostels saam met Hom. Hy sê toe vir hulle: ‘Ek het baie daarna uitgesien om hierdie paasmaaltyd saam met julle te eet voordat Ek ly. Ek sê vir julle: Ek sal dit nie weer eet voordat dit in die koninkryk van God sy volle betekenis gekry het nie.’ Daarna neem Hy ’n beker, spreek die dankgebed uit en sê: ‘Neem dit en gee dit vir mekaar aan. Ek sê vir julle: Ek sal van nou af nie weer wyn drink voordat die koninkryk van God gekom het nie’. Toe neem Hy brood, spreek die dankgebed uit, breek dit en gee dit vir hulle met die woorde: ‘Dit is my liggaam wat vir julle gegee word. Gebruik dit tot my gedagtenis’. Met die beker na die maaltyd het Hy net so gemaak en gesê: ‘Hierdie beker is die nuwe verbond, beseël deur my bloed, wat vir julle vergiet word’” (Lukas 22:14-20).*

### **Gedagtenis**

In gehoorsaamheid aan die woorde van Christus: “Gebruik dit tot my gedagtenis” herdenk ons met die gebruik van die nagmaal dat Jesus Christus ooreenkomstig God se belofte deur die Vader na hierdie wêreld gestuur is. Die Here Jesus het Homself as ’n offer gegee vir ons wat sondaars is. Met blydskap bely ons dat ons lewe in sy dood berus. Ons dank ons getroue Heiland wat as Goeie Herder sy lewe vir sy skape afgelê het en verbly ons in die Goddelike geheimenis:

*“As mens het Jesus in die wêreld gekom,  
deur die Gees is bevestig dat die reg aan sy kant is,  
aan die engele het Hy verskyn;  
aan die heidennasies is Hy verkondig,  
in die hele wêreld is Hy geglo,  
en in heerlijkheid is Hy opgeneem” (1 Tim 3:16).*

### **Selfondersoek en versekering**

Die groot geskenk van God se genade in Christus spoor ons aan om vanweë ons sonde ’n afkeer in onself te hê en ons voor God te verootmoedig. Met blydskap en dankbaarheid gryp ons vas aan die versekering dat al ons sondes vergewe is op grond van die lyde en sterwe van Jesus Christus ons Here en Heiland. Sy volkome geregtigheid is ons toegereken en geskenk. Ons kom daarom met ons hande uitgestrek na die oorfloedige Gewer, as siekes na die Geneesheer, as sondaars na die Werker van geregtigheid, as dooies na Hom wat lewend maak. Christus is die enigste voedsel van ons siele. Daarom nooi die hemelse Vader ons uit om deur deelname aan die nagmaal aan Hom verkwik te word en nuwe krag uit Hom te put totdat ons die hemelse onsterflikheid bereik. Die onmiskenbare tekens en seëls van die brood en wyn verseker ons van Christus se hartlike liefde en trou. Ons kan weet dat Hy in ons alles werk wat in die tekens aan ons voorgehou word, en dat Hy inderdaad vir ons die Brood van die lewe is.

**Gemeenskap**

Die seëninge van die nagmaal word netso seker aan ons gegee asof ons Christus self in die nagmaal sien en aanraak. Die brood en wyn betuig en beseël aan ons dat Christus sy lewe in die nagmaal in ons oorgiet, asof dit in murg en been indring. Wanneer die brood as teken aan ons gegee word, moet ons dadelik aan die ooreenkoms dink: Soos die brood die lewe van ons liggaam voed, onderhou en beskerm, so is die liggaam van Christus die enigste voedsel om ons siele te voed en lewendig te maak. Wanneer die wyn as teken van die bloed van Christus aan ons voorgesit word, moet ons onthou dat die bloed van Christus ons koester, verkwik, versterk en met blydskap vul. Dit doen Christus nie deur bloot 'n teken aan ons voor te hou nie, maar Hy volbring dit deur die Gees wat Hy beloof. Deur die Gees laat Christus ons in sy gemeenskap lewe, sodat ons met die apostel mag sê: *“ek is saam met Christus gekruisig, en nou is dit nie meer ek wat lewe nie, maar Christus wat in my lewe”* (Gal 2:19-20). Hy maak van ons lote aan Hom, die Hemelse Wynstok, sodat ons vir Hom vrugte kan dra. Deur dieselfde Gees verbind Hy ons aan mekaar in egte liefde as lede van een liggaam. *Want dit is immers aan tafel saam met Christus waar sy bevel tot ons kom: “Dit is my opdrag: Julle moet mekaar liefhê soos ek julle liefhet”* (Joh 15:12).

Soos brood saamgestel is uit baie korrels wat so met mekaar vermeng is dat die een nie van die ander onderskei kan word nie, so betaam dit ons om so eengesind en verbind aan mekaar te wees dat daar geen tweedrag of skeiding onder ons mag voorkom nie. Jesus waarsku ons immers: *“Elke koninkryk wat onderling verdeeld is, gaan te gronde”* (Mat 12:25). Terwyl ons aan die tafel die heerlike teenwoordigheid van Jesus Christus deur Sy Woord en Gees ervaar, dink ons weer aan die bevel van Jesus: *“Dit is my opdrag: Julle moet mekaar liefhê soos ek julle liefhet”* (Joh 15:12).

**Verwagting**

Die apostel Paulus plaas die nagmaal binne die perspektief van Christus se wederkoms wanneer hy sê: *“Elke keer as julle van hierdie brood eet en uit die beker drink, verkondig julle die dood van die Here totdat Hy kom”* (1 Kor. 11:26). Wanneer ons die nagmaal vier, ervaar ons die vreugde om deel te hê aan die nuwe verbond in Christus se bloed. Ons dank die Vader dat ons die verlossing waarvan die profete geprofeteer het, mag ken. Tegelyk sien ons met die viering van die nagmaal uit na die verskyning van ons Verlosser in heerlijkheid en die ewige huweliksfees waartydens ons vol vreugde saam met Hom die nuwe wyn sal drink in die koninkryk van sy Vader. Met groot blydskap bid ons saam met God se kerk: *“Amen! Kom, Here Jesus!”* (Op 22:20). Barmhartige God en Vader, ons wil nou met hierdie nagmaal die heerlike gemeenskap met u geliefde Seun Jesus Christus vier. Ons bid U: Stuur ons U lewendmakende Gees, sodat ons gevoed kan word met die ware brood uit die hemel wat die ewige lewe skenk. Amen.

**Gebed****Lied****Hartverheffing**

(bv Sb 17-2)

Laat ons ons harte omhoog hef na Christus waar Hy aan die regterhand van die Vader sit. Kom almal met blydskap en eensgesindheid na die tafel van die Here toe. Dank Hom vir sy groot liefde wat Hy aan ons betoon het toe Hy homself as offer vir ons oorgegee het, en wat Hy steeds betoon deur al sy weldade aan ons te skenk.

**Uitdeelformule**

Die brood wat ons breek, is die gemeenskap met die liggaam van Christus. Neem, eet, dink daaraan en glo dat die liggaam van Christus vir ons gegee is.

## **Danksegging**

Die beker van danksegging, waaroor ons die danksegging uitspreek, is die gemeenskap met die bloed van Christus. Neem, drink almal daaruit, dink daaraan en glo dat die kosbare bloed van ons Here Jesus Christus vergiet is tot 'n volkome versoening van al ons sondes.

Laat ons met mond en hart die lof van die Here verkondig:

(Sing: Psalm 103:1,3,4,5 of Psalm 138 of 'n ander geskikte lied).